Leefkuns

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Stiltetyd

## 1 Konings 19

*Daar is baie vorme waarin twyfel deel van ons lewe word. Miskien is twee van die algemeenste vorme die van self twyfel en twyfel in God.*

*Hoe seker voel jy vandag oor alles wat jy gaan aanpak of moet bereik? Vra jy ook soms: IS ek goed genoeg? En hoe lyk jou prentjie van God vandag? "Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo", sê Jesus in Johannes 20:29. Dit bly steeds nie aldag maklik om te glo as ons nie sien nie (Hebreërs 11:1). Wees vandag seker van die dinge wat jy hoop en oortuig van die dinge wat jy nie kan sien nie.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

**Definisie:**

*'n spesiale tyd elke dag waarin jy en God mekaar ontmoet.*

**Alternatiewe definisie:**

*gesprekke met God oor dinge wat jou hart diep raak.*
*(Bybel 24/7)*

Leefkuns

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Stiltetyd

Lees 1 Konings 19: 5b-8. Die mees geestelike ding wat ons kan doen, is rus. Terwyl dit so maklik klink, waarom is dit so moeilik vir die meeste van ons om te rus? Wat is 'n paar dinge wat jy kan doen om meer stilte in jou lewe te ervaar?

Lees 1 Konings 19: 9-10. Elia het eerlik geglo dat hy die enigste getroue is wat oorbly. God vervang hierdie leuen met die waarheid: daar was eintlik 7000 ander wat nog getrou was. Kan jy 'n leuen noem wat jy geglo het waar is? Hoe het God sy waarheid aan jou geopenbaar?

Lees 1 Konings 19: 11-12. God het met 'n sagte fluister met Elia gepraat. Beskryf 'n tyd wanneer jy gevoel het dat God met 'n sagte fluister met jou praat. Wat het Hy vir jou gesê?

Lees 1 Konings 19: 15-16. God het Elia aangemoedig om te eet en te rus, om in waarheid te glo in plaas van leuens, om na sy stem te luister en terug te keer na wat profete doen. In hierdie seisoen in jou lewe, watter van hierdie ondersteuning kort jy? Hoekom?